- Ons kan ook stamme kry wat baie laag vertak en wat veral kenmerkend is van die Haak-en-Steekdorings (Acacia tortilis).

Alhoewel die stamlengte verskil, vind ons dat die raamstruktuur tradisioneel dieselfde ontwerp het. Ons kan hierdie betrokke Pierneefstyl die vierraamkelkverdeling noem. Vanuit die vier hoofraamtakke vorm die sytakke om soos oopgespreide vingers uiteindelik die basis van die blaarsambreel te skep wat op die fyn takkies vorm.

- Die oophandstruktuur



Die raamtakke kan ook varieer in die Pierneefstyl.

- Raamtakke kan laag reeds vertak om die boom byna die voorkoms van 'n meerstammige styl te gee



- Tipiese takverdeling van die Pierneefstyl.



- Dit is belangrik dat takke altyd na bo uitsprei. Takke wat na onder groei moet verwyder word en kan die vorm van die styl beïnvloed.